

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



April 2010



## Lees binne...

- Die boer en geloof – 1
- Jesus het opgestaan... Het jy al? – 2
- HTK-aktualiteitsdag – 3
- Hervormer word dekaan – 4
- NHSV 70 jaar – 6

# Lewe uit die dood!

## In hierdie uitgawe

- Bl 1 Die boer en geloof (Oudl Banna Botha)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:**  
Jesus het opgestaan... Het jy al?  
Leserskompetisie 9
- Bl 3 Kerkordelike nadenke (Dr Barry van Wyk)  
HTK-aktualiteitsdag
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**  
Hervormer word dekaan (Ds Herman van den Berg)  
'n Korporatiewe identiteit vir die Hervormde Kerk (Dr Wouter van Wyk)  
'n Kerkgebou vir Stilbaai (Ria du Plooy)  
Staatmaker word 101  
Beroepe aanvaar
- Bl 6 **Wat kerknuus betref**  
NHSV 70 jaar
- Bl 7 **Gespreksforum**  
Kerkwees vandag (Dr Wim Dreyer)  
Lesersbrief (Ds Dirk Stoltz)
- Agterblad **Oordenking**  
Glo jy dit? (Ds Buddie Dupper)

## Jesus het opgestaan... Het jy al?

**Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig dat dit vir die Kerk nie 'n vraag is of Jesus Christus opgestaan het nie. Ons glo dit. Die vraag is eerder of ek en jy al opgestaan het.**

Ons lees dikwels in die Bybel van mense wat opgestaan het en iets gedoen het. Een so 'n persoon was Levi, die tollenaar. Toe Jesus hom roep, het hy opgestaan en Hom gevolg (Mark 2: 14). Elke keer as ons Jesus se opstanding met Paasfees of op 'n Sondag vier, word ons gekonfronteer daarmee om Hom opnuut te volg. Dit beteken om ons lewens te verander en 'n nuwe toewyding aan Hom te maak. Dit is soos om weer gebore te word.

In ons Kerk het ons die mooi gebruik om tydens die Nagmaal op te staan uit die bank waar ons sit en by die tafel te kom aansit. Hierdie opstanding van ons is dan ook simbolies van ons nuwe verhouding met God wat deur Jesus Christus herstel word. Die betekenis daarvan word goed verwoord in dié lied:

*Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dood,  
laat Christus se lig in jou lewe!*  
(Gesang 481: 1)

\*\*\*\*\*

## Die boer en geloof

**Watter rol speel geloof in die lewe van die boer en die boerderygemeenskap? In die maand van Dankdag vir die Oes en Biddag vir die Gesaaides deel Banna Botha van Gemeente Van der Hoff in Groblersdal en ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) 'n paar gedagtes daaroor met ons.**

Oudl Botha vertel onder meer van die wysshede wat 'n diep gelowige boer met hom gedeel het. Jy kan maar alles doen wat jy wil en beplan, somme maak, 'n goeie boer wees, en dan maak jy steeds nie geld nie. Altans, so dink jy en so ervaar jy dit, maar 'n jaar of wat later kyk jy rustig terug en kry jy amper heimwee. Dan besef jy dat die Vader alleen sorg en voorsien, en dat sy genade en liefde veel groter is as wat 'n mens kan dink. Want jy het nog jou plaas, jy het nog 'n dak oor jou kop, jy het nog kos om te eet, en daar is nog 'n paar arbeiders en hul families wat dieselfde kry vanuit jou boerdery.

Ja, 'n mens kan amper moedeloos word en wonder hoekom jy nog boer. Maar op daardie stil maanligaande hoor jy die veld en voel jy dat jy eintlik maar klein is. En jy ry deur jou landerye en jy sien hoe daardie pitjie wat jy verlede week geplant het, begin groei het, en hoe daardie druiwekorrels begin vorm, en hoe die koring in die aar staan. Elke boer ken die emosie as jy die reën ruik wat op 'n vars omgeploegde land val. Dit is dan dat jy weet – jy kan maar so hard werk as wat jy wil, maar alleen God sal laat groei.

\*\*\*\*\*

## NHSV 70 jaar

**In 'n groetebodskap aan gemeentes vertel Marita Fourie, voorsitter van die NHSV-hoofbestuur, en Annali Venter, sekretaris, van die besondere pad wat die NHSV reeds 70 jaar lank in die Kerk loop.**

Op 22/23 Mei 1940 is die NHSV gestig deur 130 vrouelidmate van die Hervormde Kerk wat die visie gehad het om barmhartigheidswerk op 'n georganiseerde wyse te doen.

Tydens die 4de Kongres van 11 Maart 1943 sê die eerste voorsitter, mev MR Oosthuizen, die volgende in haar voorsittersrede: *Ons is nie bloot 'n liefdadigheidsvereniging nie – ons is nie net 'n sosiale vereniging nie, alhoewel armversorging een van die belangrikste afdelings van ons werk uitmaak. Ons is 'n kerklike liggaam, ons dra definitief 'n kerklike karakter, en in ons geval dra ons die karakter van ons kerk, soos ons naam ook aandui, en wie se groei ons hoop om te bevorder. Ons word saamgebind deur 'n hegte band. As geloofsgenote kan ons eensgesind bou sonder die beslommernis van teenstrydige doelstellings en botsende rigtings.*

Vir die afgelope 70 jaar is die NHSV, as diensorgaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, voortdurend besig om vrouelidmate geestelik te verryk en onderlinge verbondenheid te bevorder, barmhartigheidsdiens op plaaslike en nasionale vlak te doen, die belange van die gemeentes, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die gemeenskap te bevorder, en fondse in te samel. Hierdie doelstellings en dienswerk van die NHSV is gegrond in die Woord van God.

Dit is die Hoofbestuur se bede dat elkeen van ons daaglik die krag van die geloof sal ervaar en nooit die genade van die drie-enige God sal betwyfel nie. Ons wil elke gemeente sterkte toewens vir die toekoms en die jare wat voorlê.

*Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! (Rom 15: 13)*

\*\*\*\*\*

## LESERSKOMPETISIE 9

**Vraag:** Hoe oud is die NHSV vanjaar?

SMS die antwoord voor 30 April 2010 na **071 229 8903**.

Die prys is die NHSV se prag-reseptebok *Smul met smaak*.

Die wenner van Leserskompetiesie nr 7 (Januarie/Februarie 2010) is Lenie Potgieter van Oos-Moot. Sy wen Stephan Joubert se boek *Perspektief op die Heilige Gees*.